

12 April

Skrifgedeelte: Lukas 24:1-12

Soek die lewende Jesus!

Nadat die vroue op die sabbatdag (die Saterdag) gerus het, kon hulle nie wag om op die eerste dag van die week, die Sondag, weer by die graf te kom nie. Hulle liefde dring hulle om sommer baie vroeg gereed te maak. Hulle wou die Here se liggaam met reukolie behandel. Toe hulle daar kom, was die klip voor die graf asook die Here se liggaam weg. Hulle het nie geweet wat om daarvan te dink nie.

Twee manne met blink klere – dit was engele – kom hulle te hulp. Hulle herinner die vroue aan wat die Here self vooraf vir hulle gesê het van die kruis en dat Hy na drie dae weer sou opstaan. Dan onthou hulle en besef dat dit vreemd is dat hulle die lewende in 'n graf by dooies kom soek het.

Hulle gaan deel die nuus met die apostels en ander gelowiges. Hulle kan dit ook nie glo nie. Petrus en Johannes het ook gaan kyk (vergelyk Johannes 20:1-5) en toe Petrus die doeke sien, het hy geweet dat die liggaam nie gesteel is nie. Rowers sou nie moeite doen om eers die doeke, wat om die liggaam gedraai is, te verwyder nie. Daarom is hy vol verwondering terug huis toe.

Glo ons wel dat Jesus opgestaan het? So maklik dink ons aan Jesus in die verlede tyd. So maklik soek ons 'n Jesus wat reeds dood is. Jesus het opgestaan en Hy lewe. Hy is lewend vir die lewendes. Ons verwonder ons ook daarvoor.

Sing: Psalm 16:5

Ds PA Odendaal (Evander)